### **Bewilliging van geld vir behoeftes van Provincie**

**2.** (1) Bewilligings deur die Provinciale Parlement van geld uit die Provinciale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provincie in die 2020/21-finansiële jaar, vir begrotingsposte en hoofindelings binne 'n begrotingspos en vir die spesifieke gelyste doeleinades, word in die Bylae uiteengesit.

(2) Die besteding van bewilligings beoog in subartikel (1) is onderhewig aan hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die “Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2009” (Wet 10 van 2009).

### **Bedrae gelys as spesiek en uitsluitlik bewillig**

**3.** Bedrae in die Bylae gelys as spesiek en uitsluitlik bewillig en wat verwys na—

- (a) nasionale voorwaardelike toekennings, mag slegs vir die doel bepaal in die Division of Revenue Act en ooreenkomsdig die raamwerk gepubliseer ingevolge daardie Wet gebruik word; en
- (b) geoormerkte toekennings, mag slegs vir die doel bepaal in die Bylae en ooreenkomsdig die voorskrifte van tyd tot tyd uitgereik ingevolge artikel 4(2) van hierdie Wet gebruik word.

### **Geoormerkte toekennings**

**4.** (1) Geoormerkte toekennings aan provinsiale departemente word in kolom 2 van die Bylae beskryf.

(2) Die Provinciale Tesourie kan van tyd tot tyd voorskrifte oor geoormerkte toekennings uitreik.

(3) 'n Voorskrif—

- (a) moet die verslagdoeningsvereistes waaraan provinsiale departemente moet voldoen van 'n funksie wat deur elke toekenning befonds of gedeeltelik befonds word, skriftelik uiteensit, behalwe waar sodanige omvattende verslagdoening reeds ingevolge ander wetgewing vereis word; en
- (b) kan verder maatreëls ten opsigte van 'n toekenning uiteensit om deursigtigheid, verantwoordbaarheid en uitgawebeheer te verseker.

### **Weerhouding of staking van geoormerkte toekennings**

**5.** (1) Die Provinciale Tesourie kan die oordrag van fondse ten opsigte van 'n geoormerkte toekenning aan 'n provinsiale departement weerhou of staak weens die ernstige of volgehoue wesenlike oortreding, deur daardie departement of enige ander ontvangende staatsorgaan waarvoor daardie departement verantwoordelik is, van die maatreëls beoog in artikel 4(3) ten opsigte van die geoormerkte toekenning.

(2) Die Provinciale Tesourie moet, voordat 'n geoormerkte toekenning ingevolge subartikel (1) weerhou word, aan die betrokke provinsiale departement—

- (a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om die geoormerkte toekenning te weerhou; en
- (b) 'n geleentheid gee om skriftelike vertoë in te dien waarom die geoormerkte toekenning nie weerhou behoort te word nie.

(3) Die Provinciale Tesourie kan, waar hy 'n geoormerkte toekenning ingevolge hierdie artikel staak, ná oorlegpleging met enige tersaaklike provinsiale departement, in 'n aansuiweringsbegroting bepaal dat 'n gedeelte van die geoormerkte toekenning wat nie bestee is nie, hertoegewys word aan enige ander provinsiale departement.

(4) Die Provinciale Tesourie moet, waar hy 'n geoormerkte toekenning ingevolge hierdie artikel staak, 'n kennisgewing van die staking, tesame met 'n verduidelikende memorandum, in die *Provinciale Koerant* publiseer.

## Weerhouding van voorwaardelike toekennings

**6.** (1) 'n Oordraende provinsiale beamppte kan die oordrag aan 'n munisipaliteit van 'n voorwaardelike toekenning of enige gedeelte van so 'n toekenning vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae weerhou indien—

- (a) die munisipaliteit nie voldoen aan die voorwaardes waaraan die toekenning ingevolge die betrokke raamwerk onderhewig is nie; of
- (b) uitgawes op vorige oordragte gedurende die munisipale finansiële jaar beduidende onderbesteding aantoon waarvoor geen bevredigende verduideliking gegee is nie.

(2) 'n Oordraende provinsiale beamppte moet, ten minste sewe dae of die korter tydperk wat die Provinciale Tesourie goedkeur, voor die weerhouding van 'n toekenning ingevolge subartikel (1)—

- (a) die betrokke munisipaliteit—
  - (i) skriftelik kennis gee van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou; en
  - (ii) 'n geleentheid gee om binne daardie sewe dae of daardie korter tydperk skriftelike vertoë in te dien waarom die toekenning nie weerhou behoort te word nie; en
- (b) die Provinciale Tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering in kennis stel van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) moet die redes vir die weerhouding van die toekenning en die voorgenome duur van die weerhouding insluit.

(4)(a) Die Provinciale Tesourie kan, wanneer 'n oordraende provinsiale beamppte 'n toekenning ingevolge subartikel (1) weerhou, daardie beamppte opdrag gee of 'n versoek van daardie beamppte toestaan om die toekenning te weerhou vir 'n tydperk van langer as 30 dae, maar hoogstens 120 dae, indien die weerhouding—

- (i) voldoening aan die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is, vergemaklik; of
- (ii) die risiko van onderbesteding verminder.

(b) 'n Oordraende provinsiale beamppte moet, wanneer die weerhouding van 'n toekenning soos beoog in paragraaf (a) aangevra word, die Provinciale Tesourie voorsien van bewys van voldoening aan subartikel (2) en 'n afskrif van alle vertoë ontvang van die betrokke munisipaliteit.

(c) Die oordraende provinsiale beamppte moet weer aan subartikel (2) voldoen wanneer die Provinciale Tesourie ingevolge paragraaf (a) opdrag gee of 'n versoek toestaan dat 'n toekenning weerhou word.

## Staking van voorwaardelike toekennings

**7.** (1) Ondanks artikel 6 kan die Provinciale Tesourie, na goeddunke of op versoek van 'n oordraende provinsiale beamppte, die oordrag aan 'n munisipaliteit van 'n voorwaardelike toekenning of enige gedeelte van so 'n toekenning staak—

- (a) op grond van die volgehoue en wesenlike oortreding van die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is ingevolge die betrokke raamwerk; of
- (b) indien die Provinciale Tesourie verwag dat die munisipaliteit in die lopende munisipale finansiële jaar aansienlik sal onderbestee op die betrokke program of toekenning.

(2) Die Provinciale Tesourie moet voordat 'n toekenning ingevolge hierdie artikel gestaak word—

- (a) aan die betrokke munisipaliteit—
  - (i) 21 dae skriftelike kennis gee van die voorneme om die toekenning te staak; en
  - (ii) 'n geleentheid gee om binne daardie 21 dae skriftelike vertoë in te dien waarom die oordrag van die toekenning of 'n gedeelte daarvan nie gestaak behoort te word nie; en
- (b) die provinsiale minister verantwoordelik vir die provinsiale departement wat die voorwaardelike toekenning oordra, raadpleeg.

(3) Die Provinciale Tesourie moet, waar hy 'n toekenning ingevolge subartikel (1) staak, 'n kennisgewing van die staking, tesame met 'n verduidelikende memorandum, in die *Provinciale Koerant* publiseer.

(4) Die Provinciale Minister moet van die staking van die toekenning verslag doen aan—

- (a) die Ouditeur-generaal; en

- (b) die Provinciale Parlement by die tertafellegging van die volgende begrotingswetgewing in die Provinciale Parlement.

### **Hertookenning ná staking van toekenning aan munisipaliteit**

**8.** Die Provinciale Tesourie kan, waar hy 'n toekenning ingevolge artikel 7 staak, ná oorlegpleging met die oordraende provinsiale beampte en onderhewig aan die Division of Revenue Act, bepaal dat die toekenning of enige gedeelte daarvan aan een of meer munisipaliteite hertoegewys word op voorwaarde dat die toekenning in die lopende of die volgende munisipale finansiële jaar bestee moet word.

### **Oordragte verkeerdelik oorbetaal**

**9.** (1) Die oordrag van 'n toekenning wat verkeerdelik aan 'n munisipaliteit oorbetaal is, word beskou as nie regmatig aan daardie munisipaliteit verskuldig nie.

(2) 'n Oordrag beoog in subartikel (1) moet sonder versuim deur die verantwoordelike oordraende provinsiale beampte verhaal word.

(3) Ondanks subartikel (2) kan die Provinciale Tesourie opdrag gee dat die verhaling beoog in subartikel (2) teweeggebring word deur verrekening teen toekomstige oordragte wat die munisipaliteit toekom.

### **Onbestede voorwaardelike toekennings**

**10.** (1) Onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur en die Division of Revenue Act, val enige voorwaardelike toekenning wat nie teen die einde van 'n munisipale finansiële jaar deur 'n munisipaliteit bestee is nie, terug op die Provinciale Inkomstefonds, tensy die betrokke munisipale ontvangsbeampte tot die bevrediging van die Provinciale Tesourie en die oordraende provinsiale beampte kan bewys dat die onbestede toekenning vir identifiseerbare projekte bestem is.

(2) Die Provinciale Tesourie kan, op versoek van 'n oordraende provinsiale beampte of 'n munisipaliteit beoog in subartikel (1), goedkeuring verleen dat die voorwaardelike toekenning deur die munisipaliteit behou word vir besteding in die volgende munisipale finansiële jaar.

(3) Enige fondse wat ingevolge subartikel (1) op die Provinciale Inkomstefonds moet terugval en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Provinciale Tesourie goedgekeur is om behou te word nie, moet deur die munisipaliteit aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal word.

(4) Die Provinciale Tesourie kan enige fondse wat ingevolge subartikels (1) en (3) aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal moet word maar wat nog nie terugbetaal is nie, ooreenkomstig subartikel (5) verreken teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan daardie munisipaliteit.

(5) Voordat die Provinciale Tesourie enige bedrae teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan 'n munisipaliteit ingevolge subartikel (4) verreken, moet die Provinciale Tesourie die betrokke oordraende provinsiale beampte en munisipale ontvangsbeampte—

- (a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om bedrae teen naderende voorwaardelike toekennings te verreken; en
- (b) 'n geleentheid gee om, binne 14 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a)—
  - (i) skriftelike vertoe in te dien wat tot die bevrediging van die Provinciale Tesourie bewys dat die onbestede voorwaardelike toekenning óf ooreenkomstig die betrokke raamwerk bestee is óf vir identifiseerbare projekte bestem is;
  - (ii) ander middele voor te stel wat aanvaarbaar is vir die Provinciale Tesourie waardeur die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal kan word; en
  - (iii) 'n alternatiewe betalingsreëling voor te stel ingevolge waarvan die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal sal word.

(6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (5) moet die voorgenome bedrag wat teen toekennings verreken staan te word, en die redes vir die verrekening van die bedrae, insluit.

**Kort titel**

**11.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2020.

**BYLAE**  
**(As 'n las teen die Provinciale Inkomstefonds)**

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
1	Premier	R'000 1 688 494	R'000 692 066	R'000 941 169	R'000 28 348	R'000 26 911	R'000 6 335	R'000 2 308 365	R'000 484 514
2	Provinciale Parlement	166 600	84 535	30 536	49 225	2 304			
3	Provinciale Tesourie	356 932	217 005	63 571	73 228	3 128			47 455
4	Gemeenskapsveiligheid	804 056	171 100	100 395	521 333	11 228			477 751
5	Onderwys	25 049 668	18 912 196	2 628 233	2 590 035	912 869			
6	Gesondheid	26 251 518	15 792 971	8 068 518	1 497 176	892 853			7 253 598
7	Maatskaplike Ontwikkeling	2 673 141	1 006 677	216 436	1 394 897	55 131			231 409
8	Menslike Nedersettings	2 413 233	267 206	118 952	2 021 362	5 413	300		2 120 113
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	620 847	244 947	44 469	327 100	4 331			80 928
10	Vervoer en Openbare Werke	8 819 297	1 123 140	2 712 129	2 018 105	2 965 845	78		2 576 967
11	Landbou	970 556	424 013	293 116	135	226 914	26 378		255 638
12	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme	604 611	165 221	105 358	327 886	6 146			275 272
13	Kultuursake en Sport	886 216	246 386	165 611	454 072	20 147			498 197
14	Plaaslike Regering	313 901	200 866	74 730	34 244	3 962	99		25 307
		71 619 070	39 548 329	15 563 223	135	11 563 925	4 936 646	6 812	16 635 514

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
1	Departement van die Premier  Doeleind: Om 'n bekware Wes-Kaapse Regering moontlik te maak en te bestuur deur 'n kultuur van innovasie en samewerking aan te wakker om beter dienste aan die mense van die Wes-Kaap te lewer  1 Uitvoerende Regeringsbestuur en Integrasie (Administrasie)  Om uitvoerende regeringsondersteuningsdienste te verleen.  Waarvan  Geoormerkte toekenning: Diensteweringsindeks  Oordragte en subsidies  Departementele agentskappe en rekeninge  Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)  Organisasies sonder winsoogmerk  Geskenke en donasies: Verskeie projekte volgens versoek  2 Proviniale Strategiese Bestuur  Om provinsiale strategiese bestuur te lei en te koördineer deur middel van beleid- en strategiesteun, die gebruik van data en bewyse en die institusionalisering van strategiese programme regoor die Wes-Kaapse Regering.  Waarvan  Geoormerkte toekenning: Provinse-wye Data-bestuur (SMI)  Geoormerkte toekenning: Innovierende metodologie om komplekse probleme op te los  Geoormerkte toekenning: Innovasie vir impakinisiatiewe  Geoormerkte toekenning: Kommissaris vir Kinders  Oordragte en subsidies  Departementele agentskappe en rekeninge  Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)  Geoormerkte toekenning: Innovierende metodologie om komplekse probleme op te los (Wes-Kaapse Agentskap vir Toerisme, Handel- en Beleggingsbevordering (Wesgro))	R'000 1 688 494	R'000 692 066	R'000 941 169	R'000 28 348	R'000 26 911	R'000 484 514		
		110 844	91 427	17 477	309	1 631			1 500
		92 300	49 692	35 550	7 003	55			13 975
					9				1 500
					300				5 000
					5 000				8 000
					3				5 000

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys: Versterk bydrae van hoër onderwys aan die provinsiale ekonomie</i> <i>Geoormerkte toekenning: Innoverende metodologie om kompleksse probleme op te los (Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap)</i>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	3 Mensebestuur (Korporatiewe Dienssentrum) <i>Om 'n dwarsleggende mensebestuursdiens te verleen, bestaande uit organisatoriese ontwikkeling, opleiding en bemagtiging, en mensepraktyke.</i>	236 530	194 113	41 115	17	1 500	1 285	1 500	
	<i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Innovasie vir impakinisiatiewe</i> <i>Geoormerkte toekenning: Om 'n burgervesentreerde kultuur te aktiveer</i> <i>Geoormerkte toekenning: Gesondheid en welstand van werknemers</i> <i>Geoormerkte toekenning: Ondernemingsinhoudsbestuur (Veranderingsbestuur)</i>							2 000	5 600
	<i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i>					17			4 293
	4 Sentrum vir E-innovering (Korporatiewe Dienssentrum) <i>Om diensuitnemendheid deur middel van inligtingsskommunikasieteknologie vir die mense van die Wes-Kaap moontlik te maak.</i>	1 089 288	229 455	815 597	21 016	21 016	23 220		2 985
	<i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Breëbandprojek</i> <i>Geoormerkte toekenning: Breëband vir munisipaliteit</i> <i>Geoormerkte toekenning: Microsoft BTW op buitelandse valuta-betatings/wisselkoers op gebruikersbasis</i>							371 671	21 505
	<i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i>					16			24 985
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Besigheidshoekies by biblioteke: Vestiging en onderhoud van e-sentrums</i>					21 000			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>5 Korporatiewe Sekerheid (Korporatiewe Dienssentrum)</p> <p>Om ondernemingsrisikobestuurs-, interne-oudit-, provinsiale forensiese, reg- en korporatiewekommunikasiedienste te verleen.</p> <p>Waarvan</p> <p>Geoormerkte toekenning: Ontwikkeling en uitbreiding van die Wes-Kaapse Regering se handelsmerk</p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p>Departementele agentskappe en rekeninge</p> <p>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</p>	R'000 159 532	R'000 127 379	R'000 31 430	R'000 3	R'000 720	R'000 3	R'000 15 000	R'000

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
2	Provinciale Parlement  Doeleind: Die administrasie van die WKPP is daartoe verbind om die WKPP te dien, te ondersteun en te verstrek deur:  Professioneel en innoverend in ons prosesse en werkzaamhede te wees en etiese en goeie bestuurstoesigpraktyke aan te kweek;  Ons Lede en personeel te bemagtig om optimaal te funksioneer;  Die grondwetlike mandaat van wetgewing, openbare deelname en toesig te faciliteer in belang van die mense van die Wes-Kaap; en  Die WKPP plaaslik, nasionaal en internasionaal te bevorder.	R'000  166 600	R'000  84 535	R'000  30 536	R'000  49 225	R'000  2 304	R'000  R'000	R'000  R'000	R'000  R'000
	1 Bestuurspraktyk (leierskap) en administrasie  Om algehele strategiese leiding en rigting aan die WKPP te gee.  Waarvan Oordragte en subsidies Departementele agentskappe en rekeninge Kommunikasie: Licensies (radio en televisie) Huishoudings Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings	71 518	53 685	15 446	83	2 304	32	51	
	2 Parlementêre steudienste  Om doeltreffende procedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees te verskaf.  Waarvan Oordragte en subsidies Huishoudings Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings	23 651	18 795	4 833	23	23	23		
	3 Openbare skakeling  Om toe te sien dat doeltreffende openbare skakeling plaasvind en om openbare betrokkenheid by wetgewing en ander prosesse te faciliteer.  Waarvan Oordragte en subsidies Huishoudings Geskenke en donasies: Bestuursaansporingsbelonings	13 534	10 006	3 514	14	14			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>4 Ledesteen  <i>Om aan Lede en politieke partye bemagtigingsfasiliteite en voordele te verskaf.</i></p> <p>Waaran</p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Buitelandse regerings en internasionale organisasies</i></p> <p><i>Ledegeld: Parlementêre Vereniging van die Statebond</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Politieke partye: Sekretariële en kiesafdelingstoelaes</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknelmersbystandsvoordele: Aftreevoordele vir lede</i></p>	R'000 57 897	R'000 2 049	R'000 6 743	R'000	R'000 49 105	R'000 295	R'000 47 191	R'000 1 619

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
3	Provinciale Tesourie  <i>Doen: Bevordering van samehorighed en inwonergesentreerdheid.</i>  <i>Om kapasiteit in die openbare sektor op te bou deur aanpasbaar, innoverend en ondersteunend te wees.</i>  <i>Geïntegreerde bestuur en vennootskappe wat die levering van kwaliteitsdienste op 'n volhoubare manier moontlik maak.</i>	R'000 356 932	R'000 217 005	R'000 63 571	R'000	R'000 73 228	R'000 3 128	R'000	R'000 47 455
	1 Administrasie  <i>Om strategiese rigtinggewing en gehalte finansiële en ander steundienste aan die Minister en Hoof van die Departement te voorsien.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i>  <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Beurse betaalbaar aan nie-werknekmers</i> <i>Donasies en geskenke (kontant)</i>	62 631	43 885	12 915		2 703	3 128		
	2 Volhoubare Hulpbronbestuur  <i>Om die doeltreffende en doelmatige bestuur van provinsiale en munisipale finansiële hulpbronne te verseker.</i>  <i>Waarvan</i>  <i>Geoormerkte toekenning:</i> <i>Wes-Kaap Finansiële Bestuursondersteuningstoekenning</i> <i>Infrastruktuurondersteuning en -ontwikkeling</i> <i>Munisipale Intervensies</i>	150 847	85 435	17 120		48 292			15 489 5 000 4 945

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
	Oordragte en subsidies  Provincies en munisipaliteite  <i>Munisipaliteite: Om finansiële bystand aan munisipaliteite te verskaf om algehele finansiële staatsbestuur in munisipaliteite te verbeter, insluitende die optimalisering en bestuur van inkomste, die verbetering van die geloofwaardigheid en verantwoordbaarheid van munisipale begrotings, die verbetering van munisipale oudituitkomste en die aansprek van institutionele uitdagings.</i>  <i>Munisipaliteite: Om die munisipaliteite te help om hul funksies effektiel te verrig, insluitend die gekoördineerde en geïntegreerde funksies en ondersteuning wat verband hou met die verbetering van algehele finansiële bestuur en finansiële volhoubaarheid binne munisipaliteite wanneer daar 'n munisipale intervensie is.</i>  Departementale agentskappe en rekeninge  Wes-Kaapse Raad op Dobbelaary en Wedrenne  Huishoudings  <i>Werknekmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	3 Batebestuur  <i>Om beleidsrigtinggewing te verleen, en om die bestuur van provinsiale finansiële stelsels, roerende bates en voorsieningskettingbestuur binne die provinsiale en munisipale sfeer te fasiliteer en toe te pas.</i>  Waarvan  Oordragte en subsidies  Huishoudings  <i>Werknekmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>	74 911	48 322	26 377		212			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>4 Finansiële Staatsbestuur  <i>Om rekenpligtigheid en finansiële staatsbestuur binne departemente, entiteite en munisipaliteite te bevorder.</i></p> <p>Waarvan</p> <p><i>Geoormerkte toekennings:</i></p> <p><i>Wes-Kaap Finansiële Bestuur Kapasiteitstoekennung</i></p> <p><i>Finansiële Goeie Regeringsbestuurstoekennung</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Provincies en munisipaliteite</i></p> <p><i>Munisipaliteite: Om die ontwikkeling van finansiële en menslike kapasiteit binne die munisipale gebied moontlik te maak wat sal lei tot 'n volhoubare plaaslike finansiële vaardigheidsplyn wat munisipaliteite se behoeftes aanspreek en 'n gesonde en volhoubare finansiële bestuursomgewing in staat stel</i></p> <p><i>Munisipaliteite: Om uitnemendheid in goeie finansiële staatsbestuurpraktyke en optimale prestasie wat tot verbeterde dienslewering en openbare waardeskepping lei aan te moedig en te ondersteun. Om die verbetering van finansiële staatsbestuurspraktyke te ondersteun wat verbeterde hulpbronmobilisering, toewyatingsdoeltreffendheid, gesonde fiskale bestuur en die doeltreffende en ekonomiese gebruik van hulpronne moontlik maak.</i></p> <p><i>Om goeie finansiële staatsbestuurspraktyke te identifiseer wat deur die openbare sektor gedeel kan word.</i></p>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
		68 543	39 363	7 159		22 021			12 021
						12 021			10 000
						10 000			



Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	Oordragte en subsidies	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Provincies en munisipaliteite					10 500			
	Veiligheidsinisiatief Implementering - Samelewing as geheel-benadering (WoSA)					250			
	Departementele agentskappe en rekeninge					49			
	Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) - Werkloosheidsversekeringsfonds								
	Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) - Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA)								
	Organisasies sonder winsoogmerk					2 070			
	Veiligheidsprogramme - Buurtwag								
	Huishoudings					4 300			
	Uitgebreide Venootskapsprogram - Gemeenskapspolisieringsforums								
	3 Provinciale Polisiëringsfunksies	481 017	9 544	16 781		453 957	735		
	Om te help met die implementering van die grondwetlike mandaat wat aan provinsies gegee is, ingevolge hul rol in die bevordering van goeie verhoudinge tussen gemeenskappe en die polisie deur sy gemeenskapsinklusiewe benadering en om te verseker dat alle diensleweringsklagtes oor polisiëring in die provinsie onafhanklik en effektiief aangespreek word.								
	Waarvan								
	Geoomerkte toekenning: Stabiliseringseenheid								4 388
	Geoomerkte toekenning: Vorderingsplan vir wetstoepassing								417 000
	Geoomerkte toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP): Werkskepping								10 000
	Geoomerkte toekenning: Uitbreiding van Chrysalis								7 039
	Oordragte en subsidies								
	Provincies en munisipaliteite					4 388			
	Stabiliseringseenheid					417 000			
	Vorderingsplan vir wetstoepassing								
	Organisasies sonder winsoogmerk					7 600			
	Jeugveiligheidsprogram								
	Huishoudings								
	Projek Chrysalis-fonds: Wes-Kaap					24 969			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>4 Sekuriteitsrisikobestuur</p> <p><i>Om 'n 'regering as 'n geheel' benadering in werking te stel vir die bou van meer veerkrachtige instellings en om gemeenskappe te bemagtig om groter veiligheid te bevorder.</i></p> <p>Waarvan</p> <p>Geoormerkte toekenning: Skepping van veiliger gemeenskappe: Hulpbronfinansiering vir die vestiging en ondersteuning van 'n K9-eenheid</p> <p>Geoormerkte toekenning: Skepping van veiliger gemeenskappe: Professionalisering van buurtwagte</p> <p>Geoormerkte toekenning: Skepping van veiliger gemeenskappe: Veiligheid en sekuriteitstegnologie</p> <p>Departementele agentskappe en rekeninge</p> <p>Hulpbronfinansiering vir die vestiging en ondersteuning van 'n K9-eenheid</p> <p>Organisasies sonder winsoogmerk</p> <p>Veiligheidsprogramme - Buurtwag</p>	R'000 135 406	R'000 63 008	R'000 57 110	R'000 7 930	R'000 7 358	R'000	R'000 16 000 6 500 1 500 6 930 1 000	

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
5	Onderwys  Doeleind: <i>Die missie van die Departement is om te verseker dat elke kind kwalitatiewe leergeleenthede het in 'n funksionele en instaatstellende omgewing om kennis, bekwaamhede, vaardighede en waardes te verwerf om in 'n veranderende wêreld te slaag.</i>	R'000  25 049 668	R'000  18 912 196	R'000  2 628 233	R'000	R'000  2 590 035	R'000  912 869	R'000  6 335	R'000  2 308 365
	1 Administrasie  <i>Om oorhoofse bestuur aan die onderwysstelsel te voorsien ooreenkomsdig die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), en ander beleid.</i>  Waarvan  <i>Geoormerkte toekenning: Naskoolse onderrigaansporing (Massa deelname; geleenthede en toegang; ontwikkeling en groei (MOD): Nagraadse studieleiers)</i>	1 450 150	1 032 580	309 667	56 947	44 621	6 335		4 000
	Oordragte en subsidies  <i>Departementele agentskappe en rekening Kommunikasie: Licensies (radio en televisie) Organisasies sonder winsoogmerk Fondse voorsien aan gewone openbare skole vir subsidie ten opsigte van internetkonnektiwiteit, rekenaartoerusting aan skole, Veilige Skole, Hoërskool-verbeteringsprogram, LITNUM-toekennings en biblioteekdienste Huishoudings Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>				7	42 647	14 293		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
	2 Gewone Openbare Skoolonderrig <i>Om gewone openbare onderrig vanaf Graad 1 tot 12 ooreenkomsdig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), en Onderwys Witskrif 6 op Spesiale Onderwys: Die vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (Julie 2001) (Witskrif 6) te bied. E-onderwys word ook ingesluit.</i>	R'000 18 969 705	R'000 16 239 104	R'000 1 161 756	R'000	R'000 1 564 502	R'000 4 343	R'000	R'000
	<b>Waarvan</b>								
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Skoolvoedingsprogram								412 548
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie								35 479
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Aansporingstoekenning vir Provincies								11 199
	Geoormerkte toekenning: Onderrigaansporing (MOD: Opknapping en instandhouding van toerusting)								20 389
	Geoormerkte toekenning: Voedingskema vir MOD-sentrum								56 319
	Oordragte en subsidies								
	Departementele agentskappe en rekening								
	Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)						2		
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Artikel 21-norme en standaarde						766 200		
	Artikel 21-skoolgelde						141 163		
	Nie-artikel 21-instandhouding en munisipale dienste						78 614		
	Nie-artikel 21-skoolgelde						41 583		
	Vergoeding vir skoolgeldvrystellings						61 184		
	Om openbare skole te help om hulle institusionele aktiwiteite uit te voer						32 185		
	Toerusting vir mobiele kombuis; Stipendium vir vrywilliger of voedselhanteerder; Vrugte- en groente-loodsprogram						67 889		
	Samewerkende skole						107 591		
	Leerdervervoer						98 126		
	Administratiewe ondersteuning vir kleiner skole						12 811		
	Koshuissubsidie						53 422		
	Kerkkoshuissubsidie						464		
	Kuns- en musiekcentrus						2 393		
	Tegniese vakke						3 880		
	Aanvullende fokusskole						1 218		
	<b>Huishoudings</b>								
	Werknekmersbystandsvoordele:						94 649		
	Verlofgratifikasie								
	Ander maatskaplike voordele: Voorafbepaalde beurse vir niewwerknekmers						1 128		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	3 Subsidies aan Onafhanklike Skole <i>Om onafhanklike skole te ondersteun ooreenkomsdig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).</i>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Waarvan								
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Beheerliggame van geregistreerde onafhanklike skole								
	4 Openbare Spesiale Skoolonderrig <i>Om gehalte onderwys aan leerders met hoogs gespesialiseerde ondersteuningsbehoeftes te voorsien en ondersteuning te bied aan leerders in gewone openbare skole met gespesialiseerde ondersteuningsbehoeftes, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Onderwys Witskrif 6.</i>	1 423 080	1 170 197	56 944		189 934	6 005		
	Waarvan								
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Leerders met diepgaande intellektuele gestremdhede								28 499
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Beheerliggame van openbare spesiale skole								
	Huishoudings								
	Werknemersbystandsvoordele:								
	Verlofgratifikasie								
	5 Vroeëkinderontwikkeling <i>Om Vroeëkinderontwikkeling (VKO) aan die Graad R-vlak te voorsien in ooreenstemming met Onderwys Witskrif 5: Vroeëkinderontwikkeling: Die aanspraak van behoeftes in Vroeëkinderontwikkeling in Suid-Afrika (Mei 2001). E-onderwys word ook ingesluit.</i>	628 779	59 000	44 668		525 111			
	Waarvan								
	Nasionale voorwaardelike toekenning:								
	Maatskaplike Sektor Uitgebreide								
	Openbarewerkeprogram (UOWP)								
	Aansporingstoekenning aan Provincies								
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Beheerliggame van openbare skole en VKO-sentrums en beurse aan studente								
	Huishoudings								
	Werknemersbystandsvoordele:								
	Verlofgratifikasie								
							522 940		
							2 171		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
	6 Infrastruktuurontwikkeling <i>Om infrastruktuurfasiliteite vir skole en nie-skole te voorsien en onderhou.</i>  Waarvan  Nasionale voorwaardelike toekenning: <i>Toekenning vir Onderwysinfrastruktuur</i>  Nasionale voorwaardelike toekenning: <i>Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provincies</i>  Geoormerkte toekenning: <i>Infrastruktuur</i> Waarvan Toekenning vir Onderwysinfrastruktuur  Geoormerkte toekenning: <i>Onderrigaansporing (MOD: Infrastruktuur)</i>  Oordragte en subsidies Organisasies sonder winsoogmerk Skoolbeheerliggaam (SBL) se projekte - Skool- en Skoolsaalprogram	R'000  1 748 643	R'000  35 862	R'000  755 255	R'000  100 000	R'000  857 526	R'000	R'000  1 091 162  2 594  1 708 643  1 091 162  48 776	
	7 Eksamens- en Ondewysverwante Dienste <i>Om onderwysinrigtings as 'n geheel van eksamen- en onderrigverwante steun te voorsien.</i>  Waarvan  Nasionale voorwaardelike toekenning: <i>MIV en Vigs (Lewensaardigheidsopleiding)</i>  Oordragte en subsidies Departementele agentskappe en rekeninge Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA)  Organisasies sonder winsoogmerk Fondse voorsien vir jeugontwikkeling by sentrums vir Verdere Onderrig en Opleiding (VOO) en Opleiding en Onderrig vir Volwassenes (OOV)  Huishoudings Werknekmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie	704 064	375 453	299 943	28 294	374			19 878

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
6	Gesondheid  <i>Doeleind: Ons onderneem om gelyke toegang tot gesondheidsdienste van gehalte in vennootskap met die toepaslike rolspelers binne 'n gebalanseerde en goedbestuurde gesondheidstelsel aan die mense van die Wes-Kaap en verder te lewer.</i>	R'000 26 251 518	R'000 15 792 971	R'000 8 068 518	R'000	R'000 1 497 176	R'000 892 853	R'000	R'000 7 253 598
	1 Administrasie  <i>Om die strategiese bestuur en algehele administrasie van die Departement te behartig.</i>  <i>Waarvan</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tertiêre Dienste</i>  <i>Geoormerkte prioriteitstoekennings:</i>  <i>Gesondheid en welstand van werknekmers</i>  Oordragte en subsidies  <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>  <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>  <i>Huishoudings</i>  <i>Werknemerbystandsvoordele</i>  <i>Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat</i>	916 397	412 967	370 766		121 849	10 815		6 659 4 293
	2 Distriksgesondheidsdienste  <i>Om fasiliteitsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (by klinieke, gemeenskapsgesondheidsentrusms en distrikshospitale) en gemeenskapsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (GGD) aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.</i>  <i>Waarvan</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Gesondheidsversekering</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tertiêre Dienste</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: MIV-, TB-, Malaria- en Gemeenskapsuitreik-toelaag</i>  <i>Waarvan</i>  <i>Gemeenskapsuitreikdienste-komponent</i>  <i>MIV en Vigs-komponent</i>  <i>Tuberkulose-komponent</i>  <i>Menslike Papilloomvirus-entstof-komponent</i>	10 605 453	5 884 570	3 412 671		1 193 992	114 220		19 480 560 1 867 472 179 583 1 599 596 66 458 21 835

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Opleiding-en-ontwikkelingstoelaag vir Statutêre Menslike Hulpbronne  Waarvan Statutêre Menslike Hulpbronne komponent Opleiding-en-ontwikkelingskomponent  Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteit Stad Kaapstad: Primêre gesondheidsorgdienste  Organisasies sonder winsoogmerk Gemeenskapsgebaseerde dienst: Tuisgebaseerde sorg, geestesgesondheid, chroniese sorg en tuberkulose-nakomingsondersteuning Booth Memorial: Intermediêre sorgfasilititeit - volwassenes Aquarius-gesondheidsorg: Intermediêre sorgfasilititeit – volwassenes St Joseph: Intermediêre sorgfasilititeit – kinders Gemeenskapsgesondheidsklinieke: Entstowwe en tuberkulose-behandeling Distrikbestuur: E-visie en IKT-ontwikkelingsprojek MIV en Vigs: Gemeenskapsuitreik-, Lekeberading- en Palliatiewe sorg- en oorgangsdienste, ensovoorts Voeding: Voedingsprogram Gehoorkeuringsrehabilitasiewerkers en mentorskap in spraak- taal- en audiologiese dienste vir kinders (Philani, ensovoorts) Welstandstrategie om te fokus op gesonde leefstylkeuses om chroniese leefstysiektes te voorkom en te beheer, veilige en gesonde swangerskappe en grootmaak van kinders, en verminderung van skadelike persoonlike gedrag.  Huishoudings Werknemerbystandsvoordele Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000 207 255  66 132 141 123
	3 Mediese Nooddienste  Om mediese nooddienste voor hospitalisasie te lewer, insluitende oorplasings tussen hospitale en beplande pasientvervoer; sowel as kliniese bestuur en koördinasie van noodmedisyne binne die provinsiale Gesondheidsdepartement.  Waarvan Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteit Provinciale departemente: Voertuiglisensies Huishoudings Werknemerbystandsvoordele	1 218 497	762 435	360 446		851	94 765		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	4 Provinciale Hospitaaldienste <i>Om 'n hospitaaldiens te lewer wat toeganklik, gesik en doeltreffend is en algemene spesialisdienste te verskaf, insluitend 'n gespesialiseerde rehabilitasiediens, tandheelkundediens en psigiatriese diens, asook om 'n platform vir die opleiding van professionele gesondheidswerkers te skep en navorsing uit te voer.</i>	R'000 4 164 577	R'000 3 023 910	R'000 1 081 503	R'000 19 881	R'000 39 283	R'000 R'000	R'000 291 619	R'000 65 767
	<i>Waarvan</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Opleiding-en-ontwikkelingstoelaag vir Statutêre Menslike Hulpbronne</i>								225 852
	<i>Waarvan</i>  <i>Statutêre Menslike Hulpbronne komponent</i> <i>Opleiding-en-ontwikkelingskomponent</i>								1 181
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tersiére Dienste</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>  <i>Vir die befondsing van huisversorging (Open Circle en Hurdy Gurdy) vir persone met outisme of intellektuele gestremdhede en met uitdagende gedrag</i>					3 577			
	<i>Huishoudings</i>  <i>Werknemerbystandsvoordele</i>					16 304			
	5 Sentrale Gesondheidsdienste <i>Om tersiére en kwaternière gesondheidsdienste te voorsien en 'n platform vir die opleiding van gesondheidswerkers en navorsing daar te stel.</i>	7 397 758	5 110 148	2 190 622	34 524	62 464			382 496
	<i>Waarvan</i>  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Opleiding-en-ontwikkelingstoelaag vir Statutêre Menslike Hulpbronne</i>								
	<i>Waarvan</i>  <i>Statutêre Menslike Hulpbronne komponent</i> <i>Opleiding-en-ontwikkelingskomponent</i>								113 124
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tersiére Dienste</i>								269 372
	<i>Oordragte en subsidies</i>								3 418 218
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>  <i>Maitland Cottage: Pediatriese ortopediese hospitaal</i>				13 707				
	<i>Huishoudings</i>  <i>Werknemerbystandsvoordele</i>				20 817				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	6 Gesondheidswetenskappe en Opleiding <i>Om opleiding en ontwikkelingsgeleenthede aan werklike en potensiële werknemers van die Departement te skep.</i>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Waarvan  Nasionale voorwaardelike toekenning: Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Aansporingstoelaag vir Provincies	364 888	175 358	71 222		115 266	3 042		12 195
	Oordragte en subsidies  Departementele agentskappe en rekening  Gesondheid- en Welsynsektor Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA)					6 405			
	Organisasies sonder winsoogmerk  Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP)					62 055			
	Huishoudings  Werknemerbystandsvoordele  Ander oordragte na huishoudings: Beurse					577			
	7 Gesondheidsorg-steundiens	543 778	349 676	169 551		813	23 738		2 000
	Om steudiens te lewer wat die Departement in staat stel om sy doelwitte te bereik.								
	Waarvan  Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provincies								
	Oordragte en subsidies  Huishoudings  Werknemerbystandsvoordele					813			
	8 Gesondheidsfasilitatebestuur  Om nuwe gesondheidsfasilitate te versaf en bestaande fasilitate op te knap, op te gradeer en in stand te hou, insluitende gesondheidstegnologie.	1 040 170	73 907	411 737		10 000	544 526		1 040 170
	Waarvan  Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsfasilitet-herlewingsstoelaag								698 793
	Geoormerkte prioriteitstoekennings:  Tygerberg-hospitaal (instandhouding en kapitaal)								150 500
	Waarvan  Tygerberg Geskeduleerde Instandhouding								40 535
	Oordragte en subsidies  Hoëronderwysinstellings  Universiteit van Kaapstad: Groot Schuur-hospitaal: Rehabilitasie van Neurowetenskap Departement					10 000			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
7	Maatskaplike ontwikkeling <i>Doeleind: Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes geleenthede gee en hulle bemagtig.</i>	R'000 2 673 141	R'000 1 006 677	R'000 216 436	R'000	R'000 1 394 897	R'000 55 131	R'000	R'000 231 409
	1 Administrasie <i>Die program omvat die strategiese bestuur en steudienste op alle vlakke van die Departement, d.i. provinsiale-, streeks-, distrik-, en fasilititeit- of inrigtingvlak.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Gesondheid en Welsynsektor Onderwys- en Opleidingsowerheid</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i>	259 500	197 865	41 765		2 670	17 200		
	2 Maatskaplike Welsynsdienste <i>Voorsien geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwesbares in samewerking met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i>  <i>Waarvan</i> Geoormerkte toekenning: Maatskaplike Werker Indiensnemingtoekenning Geoormerkte toekenning: Persone met gestremdhede Geoormerkte toekenning: Sanitaire waardigheidsprojek Geoormerkte toekenning: Aanvulling vir maatskaplike werkers  Oordragte en subsidies Departementele agentskappe en rekeninge Kommunikasie: Licensies (radio en televisie) Organisasies sonder winsoogmerk Dienste aan bejaardes Dienste aan persone met gestremdhede Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	1 039 295	499 995	82 103		427 034	30 163		14 951 51 572 10 110 16 890
						2 666	4		
						3			
						257 928	168 690		
						413			



Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>5 Ontwikkeling en Navorsing  <i>Om volhoubare ontwikkelingsprogramme te voorsien wat bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.</i></p> <p>Waarvan</p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Verskuiwing van Voedselnoodlenigingsfunksie</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Verligting van armoede en maak van 'n volhoubare bestaan</i></p> <p><i>Ontwikkeling van Jeug</i></p>	R'000 60 551	R'000 19 184	R'000 1 328	R'000	R'000 40 019	R'000 20	R'000	R'000 13 701

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
8	Menslike Nedersettings  <i>Doeleind: Om nedersettings te vestig wat goeie basiese en sosio-ekonomiese dienste bied.  Om 'n reeks verhurings- en eienaarskapsopsies aan te bied in reaksie op die verskillende behoeftes en die inkomste van huishoudings.  Om nedersettings deurlopend te verbeter deur 'n gesamentlike poging van landsburgers en die staat, ondersteun deur bydraes van die privaat sektor.</i>	R'000  2 413 233	R'000  267 206	R'000  118 952	R'000	R'000  2 021 362	R'000  5 413	R'000  300	R'000  2 120 113
	1 Administrasie  <i>Om algehele bestuur aan die Departement te lewer in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleid.  Waarvan Oordragte en subsidies Departementele agentskappe en rekeninge Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie (SAUK) Huishoudings Werknemersbystandvoordele</i>	116 458	88 921	21 560		264	5 413	300	
	2 Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning  <i>Om behuisingsafleweringsbehoefte, navorsing en beplanning te onderneem en te faciliteer.</i>	27 674	25 619	2 055		7			257

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	3 Behuisingsontwikkeling <i>Om toelaes en behuisingsgeleenthede, waaronder toegang tot basiese dienste, aan begunstigdes te voorsien, ooreenkomsdig die Nasionale Behuisingskode, 2009</i>	R'000 2 231 125	R'000 126 118	R'000 84 964	R'000 2 020 043	R'000	R'000	R'000	R'000
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> <i>Toekenning vir Ontwikkeling van Menslike Nedersettings</i>								1 907 551
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> <i>Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provincies</i>								2 531
	<i>Geoormerkte toekenning: Toekenning vir Herstel van Eiendomsregte</i>								67 952
	<i>Lopende betalings</i>								
	<i>Geoormerkte toekenning: Conradie Better Living Model</i>								92 079
	<i>Geoormerkte toekenning: Hertoewysing van 2019/20 inkomste vir grootmaat infrastruktur (Forest Village en Kosovo)</i>								40 000
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provincies en munisipaliteit</i>								
	<i>Geoormerkte toekenning: Hertoewysing van 2019/20 inkomste vir grootmaat infrastruktur ((Cape Agulhas: Deferred Ownership Project)</i>					10 000			10 000
	<i>Akkreditasiebystand</i>						10 116		
	<i>Munisipale belasting en ander belastings</i>						8 217		
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Ontwikkeling van menslike nedersettings</i>							1 991 710	
	4 Behuisingsbatebestuur <i>Om strategies, effektiewe en doeltreffende bestuur, afwenteling en oordrag van behuisingsbates te voorsien.</i>	37 976	26 548	10 373		1 055			
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provincies en munisipaliteit:</i>								
	<i>Munisipale belasting en ander tariewe</i>						1 055		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
